


DIE LIEFDE - WEEK 5

# FAMILIE-TYD



## WAT LEER EK MY KIND vandag?

Jesus wys ons hoe om sonde of vekeerdhede aan te spreek sonder om te veroordeel of seer te maak.

1 JOHANNES 4:16 NLV
Ons leef uit die wete en is absoluut oortuig daarvan dat God ons liefhet. God is die liefde self en almal wat uit dié liefde leef, leef in 'n hegte verhouding met God en God met hulle.

## SAAM PRAAT - DEEL 1

Die deel van liefde wat ons dalk minder van hou is om dinge aan te spreek wat verkeerd is. Omdat pappas en mammas lief is vir hulle kinders, wil hulle graag vir hulle kinders leer wat reg en verkeerd is. Dit is hoekom jy soms raas kry wanneer jy verkeerde dinge doen.


Dit is 'n pappa en mamma se werk om hulle kinders te leer van verkeerde dinge maar wat van kinders? Wat moet jy doen wanneer jy 'n maat of selfs 'n groot mens sien wat iets verkeerd doen?

Die beste is om met mamma en pappa daaroor te praat want hulle is al ingeoefen om sulke moeilike situasies reg te hanteer. Jesus leer ons dat ons harte vol liefde moet wees wanneer ons iemand op hulle foute wys.

## SAAM DOEN:

Maak 'n geskenkpakkie vooraf op en gebruik die geskenk pakkie as illustrasie om te verduidelik hoe ons sondes kan aanspreek of verkeerdhede kan regstel met liefde. Plaas die geskenkpakkie op die tafel en deel SAAM PRAAT deel 2.









## SAAM PRAAT - DEEL 2

Wanneer ons iemand op hulle foute wys moet ons baie watte woorde (sagte woorde) gebruik. Ons woorde moet in baie liefde toegedraai wees soos hierdie geskenkpakkie. Wanneer iemand hoor dat hulle verkeerd optree moet hulle nie skaam of seergemaak voel nie. Ons woorde moet soveel liefde in hê dat wat ons sê, hulle inspireer en aanmoedig om nie weer daardie fout te maak nie. Dit is hoe Jesus ons leer.

DOXADEO KIDS